

HOOFSTUK V.

Die Partikelgroep.

348. Onder die naam Partikel verenig ons 'n aantal onverbuigbare woorde wat gewoonlik, met allerlei inkonsekwensies in die indeling, ondergebring word in die klasse: Adverbium, Preposiesie, Konjunksie en Interjeksie. Daarby sluit ons egter ook dié Adverbia in wat deur middel van vormverandering trappe van vergelyking kan uitdruk.

349. I. Dit lyk raadsaam om die *Bindwoorde* as 'n afsonderlike groep te beskou. Dit sluit in dié woorde wat gewoonlik Konjunksies genoem word, en 'n groot deel van die s.g. Adverbia en Preposiesies (daarby ook die Postposiesies en Circumposiesies), en b.v. ook die pronominale vorme wat as bindwoorde diens doen. Dat by die laaste alle vormverskil nog nie heeltemal verdwyn het nie, toon alleen maar die onmoontlikheid aan om volkome skerp grense te trek by iets wat deur die aard van sy bestaan aan sulke voortdurende wisselinge en geleidelike oorgange onderhewig is as die Taal. Die Bindwoorde kan ingedeel word in partikels wat dien: A. om woorde en woordgroepe aan te knoop: (a) neweskikkend; (b) onderskikkend; B. om volsinne en bysinne aan te knoop: (a) neweskikkend; (b) onderskikkend.¹⁾ Daarby moet egter in gedagte gehou word, dat sommige bindwoorde gelyktydig ook ander funksies kan uitoefen. En ook, dat hulle soms verbleek tot blote vorme om die gesprek

¹⁾ Vgl. Noreen, *Einführung*, blss. 308-14.

te open: *En, wat het hy gesê?* Ook kan funksieveranderinge optree waardeur hulle tot bloot bepalende woorde oorgaan. Vgl.: *En toe kom nes 'n ligstraal oor hom.* (Vergeet Nie, bls. 183) [*< iets nes*].

350. Die bindwoorde wat dien om woorde of woordgroepe aan te knoop, het reeds herhaaldelik in die voorgaande hoofstukke ter sprake gekom, en in die volgende sal die lig val op die wat dien as aanknopingsmiddel van volsinne en bysinne. Telkens het reeds geblyk hoe sommige groepe van bindwoorde herhaal kan word of versterk kan word deur ander bindwoorde, waarmee dit samestellinge kan aangaan, soos: *vanaf, van... af; tot... toe; soos, so... as; sowel... as; en... en; óf... óf*, ens. Ons hoef hier alleen nog maar daarop te wys, dat die laaste lid van sulke samestellinge — soos ook in die Ndl. omgangstaal — ook 'n Adverbium kan wees wat anders nie as bindwoord gebruik word nie. Vgl.:

Tot voor twintig jaar terug was ontug 'n groot seldsaamheid onder die Boervolk (Boervrouw, bls. 106).

Daar waar die Laër staan vir weke en soms maande lank (Boervrouw, bls. 52).

Maar nou dat ons vir 'n 14 dae gelede 'n ligte ontsteking in die longpyp had (E. Skrywers bls. 40).

Hier ontstaan dus nuwe komposita deur kontaminasie van die twee konstruksies: Ww. + Bywd. + substantiewiese voltooiing van die Bywd.; en: Ww. + Bindwoord + Subst. (of adverbiale uitdrukking).

351. Die neiging van die onderskikkende bindwoorde om 'n nouer eenheid aan te gaan met die bepaalde Subst. of Adw. gee aanleiding daartoe, dat die nuwe eenheid as geheel deur 'n bindwoord met 'n ander eenheid verbind kan word. Vgl.: *Hy het tot voor die deur, van anderkant die rivier af, gekom; van voor my hand gryp hy dit weg; die beste het tot hierlangs geloop.*¹⁾ So 'n nuwe eenheid kan ook 'n Bysin wees: *ek bly tot wanneer hy kom.*

¹⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 122.

352. Die bindwoord kan ook 'n vaste samestelling met die Subst. aangaan: *van oorsee*. Die samestelling *oordag* kan selfs soos 'n Subst. deur 'n Adjektief bepaal word. Vgl.: *En dit nog al helder oordag* (Duimpie II, bls. 45). As so 'n bepaling van die hele samestelling word 'vroeg' ook gevoel in: *Al vroeg voordag is hy van die plaas* (Vergeet Nie, bls. 5). Sulke samestellinge is ook: *namiddag, voormiddag*, ens.

353. II. Die naam *Adverbium* dui aan dat woorde wat tot hierdie woordklas behoort, dien tot bepaling van Werkwoorde, maar ook ander funksies is moontlik.

A. *Adverbium* + *Adverbium*.

354. (1) Bywoorde kan *sonder bindwoord* met mekaar verbind word. Daarby kan ons vier tiepes onderskei.

355. (a) *Leungroep*. Iedere Bywoord het 'n eie aksent en die twee is met 'n pouse van mekaar geskei: *dit lê hier / onder, daar / bo*, ens. Die tweede Bywoord is 'n verklarende of beperkende bepaling.

356. Uit hierdie verbinding ontstaan samestellinge met eenheidsaksent op die tweede Bywoord: *hierónder, daarbó*, ens., waarin die eerste lid as 'n terloopse bepaling van die tweede gevoel word.

357. (b) Die bepalende Bywoord staan voor die bepaalde en is draer van die aksent. Ons kan twee gevalle onderskei:

358. (a) Meer as een Bywoord kan in betrekking staan tot een gemeensame Werkwoord; hulle vorm dan 'n reeks wat vergelyk kan word met die reekse wat ontstaan as meer as een Adjektief dieselfde Subst. bepaal, b.v.: *hy loop agter langes, kyk altyd daarnatoe*. Deur groepsverskuiwing kan die eerste Bywoord egter dikwels opgevat word as 'n

bepaling van die tweede, soos in die eerste voorbeeld en b.v. in: *hy loop reeds voor, al voor* (sies § 362).

359. Met versnelde tempo ontstaan uit sulke verbindingsdikwels samestellinge met eenheidsaksent op die eerste Bywoord: *vóorverby, ágterlanges*, ens. Die Werkwoord kan egter ook 'n nouer eenheid met een van die Bywoorde vorm, wat dan as geheel deur die ander bepaal word. Vgl.: *Hy gaan / gou / weg; hy gaan / voor / uit*.

360. (β) Die Bywoord is 'n bepaling van graad of modaliteit, dog nie 'n negasie nie. Vgl.: *Dit het so ver gekom; hy het baie gou geloop; dit lê waarskynlyk daar, tog hier, regtig bo-op*. Die bepaling kan ook 'n geredupliseerde vorm vertoon, waardeur die begrip van die simpleks versterk word. Vgl.: *Dis darem rê-rê min* (Vergeet Nie, bls. 9) (< *reg < recht*).

361. Ook by hierdie tiepe kan die Bywoorde samegroeitot samestellinge. Vgl.: *En nou word jy sommerso... van my weggeruk* (Als Johnnie, bls. 28).

362. (c) Die bepalende Bywd. staan voor die bepaalde en word daarna herhaal. Die bepaalde woord is draer van die aksent. Bepalende woorde met hierdie konstruksie is *nie* en *al*. Vgl.: *Dit lê nie hier nie; dis al lank al gaar*. Van *al* is die herhaling fakultatief.

363. (d) Die bepalende Bywoord volg die bepaalde in verbindingsdikwels met gelykmatige aksent wat 'n tydsverhouding uitdruk. *Hy sal gou al weggaan*. Gewoonlik tree die verbindingsdikwels egter met versnelde tempo en eenheidsaksent op die eerste Bywoord, dus as samestelling, op: *lank-al, toe-al*.

364. (2) Deur middel van die *bindwoorde*: *so ... soos* of *so ... as* word vergelykinge met die Positief uitgedruk. So dien dan tewens as bepaling van graad: *hy loop nog net so vinnig soos (as) altyd*.

365. *So* word in die omgangstaal altyd gevolg deur *soos* of *as*. Onder Nederlandse invloed kom in die geskrewe taal

egter dikwels verbindingsge sonder soos of as voor: so *ver moontlik*, so *gou moontlik*, so *ver doenlik*, ens.

366. Vergelykinge met die Komparatief gebruik as of *dan* as bindwoord: *hy sal verder loop as (dan) toe*.

B. Adverbium + Substantief.

367. (1) *Leungroep*. 'n Deiktiese Bywoord kan na 'n pouse gevolg word deur 'n verklarende Subst. as bepaling: *daar-oorkant / die mense; hieronder / die rivier; buitekant / die geraas*.

368. Uit hierdie verbindingssteepe het die samestellinge *daardie* en *hierdie* ontstaan. Vgl. § 94.

369. Die verklarende of beperkende bepaling wat op die Bywd. volg, kan ook 'n adverbiale uitdrukking wees, bestaande uit 'n Subst. met 'n Prep.: *daar / voor die deur; hier / onder die bome; toe / in die middel van die somer; hy praat so / met nadruk*.

370. Ook die adverbiale uitdrukking kan eerste staan: *voor die deur / daar; op die oomblik / nou*.

371. As die Adverbium gevolg word deur die adverbiale uitdrukking, ontstaan uit die verbinding dikwels konstruksies met eenheidsaksent op die tweede lid: *daar voor die deur; hier onder die bome*.

372. (2) Die *woordorde* dui die verbinding aan in enkele gevalle waar 'n Subst. aan 'n Bywoord voorafgaan. Die Subst. dien dan tot voltooiing van die betekenis van die Bywd.: *tien jaar terug; 'n maand gelede; 'n jaar lank*.

373. (3) Soos Adje kan Adwa ook deur Subste, met Preps of Konjs as bindwoorde, bepaal of voltooi word. Vgl.: *Hy werk in die voormiddag hard; Piet werk net so hard as Jan, harder as Jan, die hardste van almal*.

374. III. Behalwe as bindwoorde dien die s.g. *Preposiesies* ook om bepaalde betekenisnuanseringe van Substantiewe en Adverbia uit te druk. Ons maak dus 'n afsonderlike afdeling van Preposiesies wat enkel 'n semantiese funksie het en nie dien om sintaktiese verhoudinge weer te gee nie. Soos reeds aangetoon (§ 157), het die Prep^s oorspronklik by die Ww. behoort maar het later die opvatting ontstaan dat hulle die kasus van die Subst. regeer. Tog maak hulle nie die kern van die Substantiefgroep uit nie, maar bepaal veeleer die betekenis van die Substantief soos 'n meervoudsuitgang of 'n partitiwe genitiëfsuitgang. Met ander woorde en woordgroepe word nóg die een lid nóg die ander afsonderlik verbind, maar die groep as geheel.

375. Op sulke verbindige wat dien om 'n lokale of temporale verhouding uit te druk is gewys in §§ 351-2. By die opsomming van die orige groepe onderskei ons tussen: (1) verbindinge met gelykmatige aksent; en (2) verbindinge met eenheidsaksent.

(1) Gelykmatige aksent kom in twee gevalle voor:

376. (a) As 'n meervoudige Subst. (Pron.), of 'n Subst. wat 'n kollektiewe begrip uitdruk, of 'n stofnaam, voorafgegaan word deur *van*, word deur die verbinding 'n onbepaalde aantal of hoeveelheid aangegee van wat die Subst. benoem, b.v.: *Hy het van die water gedrink; van hulle, van die mense, het gekom; van die skottelgoed het weggeraak; van die koper is aangeslaan; ek het ook van hulle gewees.*¹⁾

377. *Geskiedkundig.* In Mnl. het stofname en kollektiewe (en meervoudige) begrippe wat deur bepaalde Werkwoorde bepaal was, in die Genitief gestaan.²⁾ In moderne Nederlands het daarvoor, net soos in Afrikaans, naas verbindinge sonder vormwoord of kasusuitgang, konstruksies met *van* in die plek gekom. Vgl.: *Heb je nog van 't blauwe*

¹⁾ Vgl. Bouman, *Syntaktiese Groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVI).

²⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 160-1. Meervoudige Subst^e word nie genoem onder die voorbeelde nie, maar wel onder die middel-hoogduitse van Paul, *Mhd. Grammatik*, § 262.

papier; hy heeft van 't vlees gegeten (naas: *h.j.n. blauw papier; h.h. vlees gegeten*). In Afrikaans het die gebruik van die konstruksies met *van* uitgebrei, sodat hulle kan optree as voltooiing van alle transitiewe Werkwoorde waarvan die betekenis dit toelaat, en ook as grammatiese Subjek. In Nederlands is in sulke gevalle die gebruik van onbepaalde Tel- of Hoeveelheidswoorde: *enige van hun; 'n gedeelte van 't speelgoed*, en in sommige gevalle van bepaalde Telwoorde, nodig: *ik ben een van hun geweest*.

Dat die uitbreiding deur analogie sou plaasgevind het, lê voor die hand, veral daar die Subst. dikwels voor die Ww. staan. Die oorgang van: *van die vleis het hy geëet*, tot: *van die vleis is opgeëet*; en van: *van die appels het hy geëet*, tot: *van die appels het weggeraak*, is maar klein.

Maar 'n soortgelyke uitbreiding in Duits, wat later weer verdwyn het, word aan Franse invloed toegeskrywe.¹⁾ Sou Franse invloede ook in Afrikaans 'n rol gespeel het? En het die Hottentotse partitiewe postposisie χa , b.v.: *//gami χa ma te re*, 'Wasser von gib mir doch'; 'gib mir doch etwas des Wassers, etwas Wasser', miskien ook versterkende invloed gehad? Juis by sulke weinig opvallende oorgange het vreemde invloede, ook as hulle van onbeskaafde rasse afkomstig is, dikwels 'n goeie kans om hulle te laat geld.

378. (b) Verskillende Preps word gebruik om deur middel van bepaalde getalle 'n onbepaalde aantal wat ongeveer net so groot is, te kan uitdruk. Vgl.: *Daar was by die duisend, oor die honderd, in die sestig, omtrent twintig* ens. Op dieselfde manier kan die plek in 'n reeks ongeveer aangegee word: *dit was omtrent die sesde keer*.

379. (2) Infinitiewe wat nie dien tot voltooiing van Subste of Adje of ander as kopulatiewe Ww. nie, kan voorafgegaan word deur *om te* of *te* en dan draers van die eenheidsaksent wees, maar daarnaas word hulle ook sonder

¹⁾ Vgl. Paul, *Deutsches Wörterbuch*, onder *von*.

Prep. gebruik. Die onvastheid van die gebruik word geïllustreer deur die volgende voorbeelde:

Die gevaar lê voor ons, dat ons verkeerde ideale . . . sal navolg, in plaats van om voort te bou op die hegte breë Boerfondament (Boervrouw, bls. 205).

Met jou te gesels is aangenamer als om te sit en lees (A. B. C., bls. 35).

Dis pure nonsens te wil voorgee dat 'n man nie kan pyn uitstaan nie (Als Johnnie, bls. 5).

Dit is gekheid met Ma te praat (Grootvader, bls. 7).

'n Geheim te hê, leer 'n mens net lieg (A. B. C., bls. 40).

Voetslaan lyk anders dan lugskip-ry! (Duimpie I, bls. 33).

Luiheid en leeglê en gevolglik vuilheid en smerigheid, groei daar volmaak (Boervrouw, bls. 117).

Ik leef en sal lewe; my doodkry is min (By die Monument, bls. 32).

Opm. Prof. Bouman sêter as uitbreidingsgeval van die gebruik van *om te* + Inf. in Afrikaans: *Om onder sulke omstandighede al die stakers met die rewolusie te vereenselwig is om onwaar te wees en 'n belediging vir hul.*¹⁾ Sintakties beantwoord die konstruksie aan een van die beskrywe verbindings-tiepies, maar uit stilisties oogpunt is dit 'n Anglisisme. Ook in die volgende sin, met *om te* + Inf. as voltooiing van 'n Werkwoord, wat Prof. Bouman beskrywe as tiepies Afrikaans, kan ek niks anders as 'n tiepiese Anglisisme sien nie: *Ons kollega verwag dan ook van die Prowinsiale Raad om spoedig kragtige stappe te doen om uiting te verleen aan die Vrystaat se teenstand.* Dit kan nie op een lyn gestel word met die volgende lompe passasie nie: *Maar elke oomblik word daar agerende regters aangestel. Hoekom [verstaan: gebeur dit] dan in hierdie geval nie om 'n paar regters vry te maak nie?* Hier druk die groep met *om te* 'n doel uit, en in die vorige sin die inhoud van 'n psigiese werksaamheid.

¹⁾ *Syntaktiese Groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVI).

380. IV. Uitroepe wat as suiwere refleksbeweginge uitgestoot word, kan nog nie tot die Taal gereken word nie. Sulke uitroepe kan egter tradisioneel word, selfs van die een taal oorgaan in die ander, en dan dien om gewaarwoordinge of bevele mee te deel. Dan vorm hulle 'n bepaalde deel van ons woordvoorraad waaraan gewoonlik die naam *Interjeksie* gegee word, b.v.: *arrie, eina, ga, gonna, sies, soe, au, hō.*

381. Andersyds veroorsaak die noue verwantskap van Imperatiewe en aanroepe met primêre uitroepe, dat hulle dikwels tot Interjeksies verbleek. Vgl.: (*Maar*) *Jan!*; (*Ag*) *loop!* Maar ook baie ander woorde en woordgroepe kan, dikwels met sterk vormveranderinge, tot blote uitroepe met gevoelswaarde verswak word. Vgl.: *alle mattie!*; *alle mensig!*; *sakkerloot!*; *op die aarde!*; *wat deksell!*; *maar my grote genugtig!* (Spoke, bls. 39); *o toe nou!* (Na Olikheid, bls. 29); *Ag liewe tyd!* (Duimpie I, bls. 27).¹⁾

382. Uit hierdie voorbeelde blyk tewens hoe die Interjeksies opgehoop word om mekaar te versterk, en die eerste dan dikwels verbleek tot 'n blote opening van die gesprek. Verder kan die volgende verbindingstiepes onderskei word.

383. (1) *Leungroepe.* (a) Op die uitroep volg 'n nadere verklaring: *eina, hoe seer!*; *ag, my arme lyf!*; *o, hoe ellendig!* ('n Jag, bls. 35); *en o! gekroonde naarheid!* (Duimpie I, bls. 27); *ag, ek armsalige skepsell.*

384. (b). Die geldigheid van die uitroep word beperk tot 'n bepaalde persoon. Vgl.: *Toe dan, assemblief, outa* (Na Olikheid, bls. 10); *Foei pa* (Na Olikheid, bls. 27); *Ja nee oom Andries!* (Veld, bls. 19).

385. (2) Seldsaam is teenswoordig die gebruik van uitroepe waarop 'n voltooiing *sonder bindwoord* volg. Deur die voltooiing word 'n rigting aangegee. Pronomina staan dan in die verboë kasus. Vgl.: *Wee jou, wee die man wat so iets gedoog.*

¹⁾ Vgl. Wundt, *Die Sprache* I, blss. 319-29; Paul, *Prinzipien*, § 126.

386. *Geskiedkundig*. Die voltooiing kon in Mnl. in die Datief of Akkusatief staan ¹⁾ en in die sewentiende eeu ook in die Genitief. ²⁾

387. (3) Die voltooiing kan ook deur middel van bindwoorde aangeknoop word. Vgl.: *Jammer van die moeite!*; *ag sies vir jou!*; *wee oor jou harspan!*; *weg met hom!* Die voltooiing druk 'n oorsaak of 'n rigting uit.

388. *Geskiedkundig*. Die oorsaak het vroeër in die Genitief gestaan. ³⁾ Naas die verboë kasus is die gebruik van Voorsetsels om die rigting aan te dui, ook oud.

389. Die Interjeksies word beskou as die mees primitiewe soort volsin en vorm dus 'n geskikte oorgang tot ons volgende afdeling, die leer van die sin.

¹⁾ Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 169, Opm. I.

²⁾ Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259, Opm.

³⁾ Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 169.